# Rietstok – Uitgawe 65

**April 2025**

# Herfs



*Restaurant by Rondevue.*
*Rietvallei saamtrek Januarie 2023*



*Iguazu watervalle*

*(p. 13)*

## Inhoudsopgawe


- Om jou werk te doen p.2
- Deur my venster – Voorsitter gesels p.3
- Het jou verhouding met God hierdie jaar al verdiep? p.4
- Toevallige onvoorspelbaarheid p.5
- Wat's nuus? p.6
- SAWA Webwerf p.7
- Bykos gespokery by Onverwags p.9
- Rietvallei Nuusbrokkies p.12
- Ons Antartika Toer 2024 - 2025 p.13
- Saamtrekke in 2025 p.18


*Vertrou liewer op die Here en doen wat goed is. Woon en werk rustig voort. Laat ons die goedheid van die Here ons God belewe: hou die werke van ons hande in stand, ja, die werke van ons hande, hou dit in stand*

*Ps 37:3 en Ps 90:17*

## Rietvallei Bestuur


Voorsitter:
Pieter Viljoen 078 094-7436
rietvallei@sawa.org.za
Ondervoorsitter:
Frans Scholtz 082 576-3516
Penningmeester: Tjaart Klaasen
tjaartklaasen1@gmail.com
Sekretaris: Magdaleen Viljoen
rietvallei.sek@sawa.org.za
rietvallei.sawasekr@gmail.com
Seniorburgerverteenwoordiger
Elmarie le Roux 083 551-9367
Streekkampkoördineerder:
Bertus Marx 061 581-2560
Redakteur:
Johan la Grange 063 132-8151
j_la_grange@hotmail.com
Addisionele lid:
Pieter le Roux 083-258-3613


## Om jou werk te doen

Van kleinsdae af word jy ingeprent en bemoedig om werksaam te wees. Hulle sing mos "Werk want die nag kom nader" en "Vul elke uur met arbeid; eenmaal rus ons sag". Dit klink na 'n lewenslange benadering.

Dit kan maklik 'n ernstige probleem word, want net gou kan ek iets nie doen nie of nie geniet nie, want my werk is nog nie klaar nie. Maar, "werk" kan nooit klaar kom nie.

Om sonder enige werk te wees is ook nie ideaal nie want werklike ledigheid kan baie vervelig wees. Kan die praktiese antwoord êrens tussen-in wees? Soos om genoeg werk te hê dat dit binne jou eie vermoë is, uitdagend en interessant is, maar so dat die lig in die tonnel altyd bereikbaar sal wees.

Mag dit wat vandag op jou doenlysie is, aan jou behoeftes voldoen!

# Deur die Voorsitter se venster



*Pieter met sy Kombi*

Na 'n interressante "trippie"met die Kombi wat ek nou al vir twee jaar aan werk, het ons veilig by ons woonplek aangekom en is ek reg om neer te pen hoe my venster uitsig tans lyk.

My innige dank aan al die deelnemers aan ons pas voltooide Spookkamp. Ons kry baie kommentaar oor die naweek, maar mag ek maar 'n ietsie met julle deel. Dit is een ongelooflike lekkerte as iets soos 'n spookkamp aangepak word. Van begin gesels daaroor, tot beplanning en ten slotte die uitvoering daarvan. En vir my, die heel lekkerste is die meelewing wat ons hierdeur bewerkstellig van ons lede.

Ek dink as jy enige vorige voorsitter vra wat uitstaan in sy / haar termyn, sal dit sekerlik die deelname van lede wees.

Dit daar gelaat.

Die jaarlike Presidente 2025 sal teen hierdie tyd al afgehandel wees en soos ek verstaan was daar, toe ek die artikel geskryf het, so by die 80 staanplekke reeds bespreek. Regtig baie lekker om te sien dat dit ook stabiliseer en hopelik was dit 'n onvergeetlike lekker naweek vir almal gewees.

Op eie bodem gaan dinge ook goed en soos ek verstaan van alle lede, is daar baie om voor dankbaar te wees. Willem de Jongh kry steeds sy gereelde behandeling en hy stuur groete aan almal. Met Chris Delport gaan dit ook al hoe beter en hopelik sien ons die paartjie sommer binnekort by 'n kamp.

Ons kampsyfers vir die eerste drie kampe van die jaar was onderskeidelik 7, 7 en 15 waens. Dit sal so lekker wees as ons dit daar kan hou en steeds die getalle kry om kamp lekker en meelewend te hou. Groepe kuier sommer net lekkerder. Altans,so dink ek.

Ons het natuurlik ook vir Hannes en Marianne Coetser bygekry as nuwe lede. Welkom aan julle en dankie ook dat jul sommer dadelik deel van die gesin geraak het.

Nouja, voordat 'n baas dalk vanuit die anderkant van my venster inloer en sien ek werk nie, laat ek begin afsluit.

Groete aan julle almal en asseblief tog, pas julle mooi op.

Tot ons mekaar weer raakloop by ons Mei 2025 kamp.

*Pieter*


*Pieter se venster*

# Het jou verhouding met God hierdie jaar al verdiep?

**Ons moet daagliks poog om ons verhouding met God te verdiep.**

Hoe? Dit begin met gewilligheid, toewyding, selfdissipline, aanhou en uithou. Dit vereis 'n lewe naby God en liefde vir alle mense.

God gee vir jou kragtige geestelike wapens, dit is tot jou beskikking.
Gebruik dit elke dag.
Kom ons kyk na 'n paar wapens:

**Lees die Bybel.**
Om die Bybel te lees is nie net 'n gewoonte nie, maar 'n bron van lewe en leiding. God woon in jou deur Sy Woord en Sy Gees in elke gelowige se hart. God se Woord vertel jou van Sy liefde, Sy genade en van Sy lankmoedigheid met ons tekortkominge asook van Sy vergifnis van ons sonde.

**Laat die Heilige Gees toe in jou lewe.**
Deur God se Gees stel Hy ons in staat om al Sy goedheid raak te sien, om daarvoor dankie te sê en om ons dankbaarheid in dade om te sit. Eer God met jou lewe, jou hart en jou mond. Maar nog meer, dat ons dit sal doen met ons dade.

**Loof God.**
Ons moet God loof, lofliedere vir Hom sing. Hy is God en Hy regeer oor alles. Hy is die allerhoogste, besit alle gesag en is die Koning oor die hele aarde. Daarom moet ons ontsag hê vir God en Hom prys. Wanneer jy God aanbid, dan loof en dank jy Hom vir wie Hy is. Dan sing ons Lofliedere. Dan kan ons feesvier, juig en sing, ons is Sy kinders.

Die gevolg: Jou lewensperspektief verander, jy loof God met jou hele lewe, want Hy is die Koning oor jou hele lewe.

**Leef in liefde.**
Ons moet mekaar as broers en susters in God se huisgesin lief hê. Dit moet in jou leefstyl wys en ons moet dit sigbaar uitleef. Ondersoek dus gedurig jou lewe krities om te bepaal watter invloed jy op die lewe van ander het. Pasop dat jou geloofsvriende jou nie ervaar as 'n vyand wat hulle ondergang soek nie. Wees 'n gelowige wat 'n mede gelowige help en regop hou.

**Dien Mekaar.**
God sê vir jou: "...God het aan elkeen van julle 'n genadegawe gegee. Met hierdie gawes moet julle mekaar dien sodat God se ryk en onverdiende goedheid deur julle na mekaar toe kan vloei." Wanneer God jou 'n gawe gee, gee Hy ook vir jou die genade en die durf om dit te gebruik.

**Vertrou op God.**

Baie keer (veral vandag) beleef ons moeilike tye of wanhoop, asof ons afgesny is van God. Dan val ons rond tussen twyfel en hoop. Die Woord leer ons egter dat ons, ons vertroue op God moet plaas. Met vertroue in God stel Hy ons in staat om bo-oor ons moeilike omstandighede te kyk. Onthou baie keer as ons omstandighede op hulle donkerste is, is dit God wat Sy lig stuur om ons uit wanhoop te lei. Dan kan ons weer lofliedere sing. In hierdie lof sal ons weer God se teenwoordigheid ervaar.

Ons ervaar vandag dat die goddeloses meer is as ooit. Maar al is hulle meer en sterker as ons, al vul hulle ons soms met vrees, ons het nie nodig om aan hulle toe te gee nie. God aan wie ons behoort is groter as hulle, Hy is baie sterker as hulle en ons staan onder Sy beskerming. God het reeds die prys betaal en die vyand oorwin.

God sê nou vir jou:

- Jy moet My soek met jou hele hart
- Jy moet My liefhê met jou hele hart.
- Jy moet hunker na My met jou hele hart.
- Jy moet 'n seën wees vir ander.

Dan sal jy My sien.

Frans Scholtz
*(Bron: Die Bybellennium)*

## Toevalligheid, ewekansigheid of onvoorspelbaarheid

Daar is mense wat jou wil reghelp wanneer jy iets aan toevalligheid toeskryf want, so sê sommiges, ontken jy die Goddelike voorsienigheid. In sy plan en wese is daar nie plek vir toevalligheid nie.

Dit is nogal verstaanbaar ook. Hoe verklaar die mensdom die dinge wat gebeur of nie gebeur nie aan die hand van 'n meesterplan? Sodra die vraag geformuleer is, ontdek jy daar is nog iets soos waarskynlikheid ook, wat tussen die poolgebiede lê. Dit dui op 'n graad van toevalligheid, waar 'n waarskynlikheid van "1" daarop dui dat iets beslis sal gebeur en "0" dat iets beslis nie sal gebeur nie.

Hoe dan? Beteken dit dat ons bloot ons taalgebruik moet aanpas soos om te sê "by geval" in plaas van "toevallig"? Of dat mens jou hande vou met die opvatting dat alles reeds vasgelê is? Hieroor kan daar baie geredeneer word.

Miskien lê die antwoord daarin dat daar geen toeval by God teenwoordig is nie. Maar vir 'n mens is dit onmoontlik om die planne van God te ken en daarom dat dinge soms "toevallig" vir ons lyk. Tjaart haal nou die dag die volgende aan:

"Wees bly wanneer jy (toevallig) in die geleentheid geplaas word om iemand te help;
dit kan wees dat God iemand se gebed deur jou wil antwoord."

# WAT'S NUUS?

Dit is laat April en winter is goed oppad. Die vorige week was dit sommer nie somer nie. Tog, die Presidente én die Onverwagse Spookkamp is in goeie weer gehou. Elkeen met 'n bietjie kampondervinding weet mos maar dat die weer hierdie tyd van die jaar dikwels onvoorspelbaar kan wees; veranderlik binne 'n uur of wat.

Sedert Februarie is Rietvallei deur interessante tye. Hartbeeshoek het meer en meer begin lyk na 'n Noag ervaring en gelukkig nie vir 40 dae nie!

Onverwags was omtrent onverwags. Vrydagoggend toe ons by die groot(ste) dam water op die grondpad aankom, lyk dit amper soos diptyd op die plaas. Daar staan so 12 motors en bakkies en rygoed rond. ' n Polo'kie hang daar aan die eenkant van die pad, stewig op 'n grondwalletjie geanker, terwyl die een voorwiel vrolik en nutteloos in die rondte draai, sonder om iets te maak gebeur. Kinders baljaar kniediep in die modderdam (pad) terwyl die grootmense wag dat iéts moet gebeur; gelukkig dat oordbestuur met sy Isuzu daar aankom en die polo'kie van sy skaamte verlos het. Maar dit was die laaste. Die weer het opgeklaar en haarself goed gedra vir die res van die naweek.

Net so met die Presidente – die sluise van Vaaldam is oop, watervlakke styg ongemaklik, maar die weer hou en die Rietvalleiers wat daar was vertel hoe lekker dit daar gegaan het.

Jakaranda se winterkamp by Weesgerus lê en loer en die inskrywingsvorms doen al die rondte. Julle kan gerus maar inskryf; daar gaan nie gepannekoek word nie. Rietvallei gaan waarskynlik weer Bingo aanbied en ons bekwame spelleiers kan weer die kamp op hol hou vir die hele Saterdagoggend. (Ons soek nog na oulike pryse om uit te deel en as julle kan help, skakel asseblief met Pieter (Voorsitter)? Andersins lyk dit of die verloop van die saamtrek baie soos die vorige jare gaan wees met 'n seniorsaamtrek van die Woensdag tot die Vrydag voor die saamtrek.

Soos tevore, kan mens voor of na die saamtrek ook by Weesgerus gaan kamp, maar met meer meet en pas om te probeer verseker dat ons nie nodig sal hê om van kampplekke te hoef verwissel nie.

Daarna is die jaar stewig oppad AJV toe. Onthou dat die AJV hierdie jaar nie tydens 'n saamtrek plaasvind nie, maar tydens die naweek voor die Augustus saamtrek, dit is 9 Augustus. Hierdie is 'n proefneming om dit moontlik te maak vir ons mense wat nie meer kamp nie, om deel te wees van die AJV sonder om na 'n oord te reis.

Tot einde Julie, veilig sleep en veilig kamp!

*Johan*

# Sawa webwerf

So sit ek niksvermoedend by die Nasionale vergadering by Thaba Maroela in 2022. Ilze Kleynhans kondig aan dat sy nie meer die webblad en sosiale media wil behartig nie. Enige iemand wat kans sien moet haar asseblief kom sê. Pieter en Ansie kyk albei deur die ander afgevaardigdes na my …

Ek besef ek werk elke dag met 'n rekenaar, maar van webblad weet ek NIKS. Na die vergadering gaan ons na Ilze toe. Sy verseker my dis glad nie ingewikkeld nie. En ons kom ooreen, Alet Meyer sal die sosiale media behartig en ek net die webblad. *(Let op die misbruik van die woord "net" – Redakteur)*
Al die wagwoorde word aan my gegee en ek en Ilze spandeer 'n paar keer op TeamViewer om my touwys te maak.

Die webblad se ontwerp is op WordPress. Dis toe soos Ilze gesê het: 'Nie baie ingewikkeld nie'. Dis 'n kwessie van die artikel of foto intrek, plak en 'n skakel skep. Dan moet die skakel ook op die tuisblad gesit word. Diana Fourie is so gaaf om my 'n YouTube video te stuur oor WordPress wat ek kan kyk.
Alles gaan voor die wind. Ek speel rond en leer meer. Vind uit hoe goed werk en kry als gedoen.
Maar toe is die webblad af …. Niël Goslett bel my en vra ek moet kyk …
WAT?? WAAR kyk ek? WAT kyk ek?
Ek kan nie eers op WordPress aanteken nie. Uiteindelik praat ek met die internet verskaffer, maar hulle kan my ook nie help nie. Bevestig net die probleem is nie aan hulle kant nie. Ek kom uiteindelik op WordPress ingeteken. Ek speel rond en vind "plug-in's" wat opdatering nodig het. Hoera!! Die webblad werk weer.
In my stilligheid is ek baie trots op myself 😊

Ek besluit ek wil die webmeester se naam en adres onder aan die webblad verander. Ek kry dit egter nie op die tuisblad nie. Na baie gesoek vind ek dit op 'n 'header' en maak die verandering.
Dis 'n gevoel van tevredenheid as ek iets moet soek en mee sukkel en dan regkry.

Toe begin die reuse taak om al die ou artikels na die argiewe toe te skuif en die streke se blaaie effens skoon te maak. Daar is steeds goed wat ek nog moet uitvind. Geskryfde goed wat nie as 'n artikel opgelaai is nie en ek dus nie weet hoe of waar om te wysig nie. Maar ek is seker met nog rondspeel en oplees, sal ek dit ook baasraak 😊
Met my werk op die rekenaar die hele dag is ek nie altyd lus in die aande om ook nog aan die webblad te werk nie, so die lede moet soms 'n rukkie wag voor ek hulle artikels plaas. Ek hoop maar hulle verstaan. Sover het niemand my nog aangevat of 'afgedank' nie 😊

Daar is nog baie knoppies en afdelings op WordPress waar ek nog nie was nie. Ek weet byvoorbeeld nie hoe om 'n "demo" te maak, sodat jy eers kan kyk hoe dit lyk voor jy dit op die lewendige webblad plaas nie.
Vir nou is ek nog aan die skoonmaak aan al die ou artikels en bewoording.
Dit help as iemand iets sien wat moet verander en my laat weet. Dankie aan mense wat my daarmee help, dit word waardeer!!
Dan word daar ook 'n tabel bygehou van die webblad 'hits'. Hoeveel mense in 'n week op die webblad gaan, hoeveel is nuwe besoekers en hoeveel is herhaalde besoekers.
Ek hou ook 'n tabel by van watter streke vir my bydraes stuur elke maand. Dit is vir my jaarlikse verslag vir die Nasionale Vergadering in Oktober. Ek kan met 'n trotse hart sê Rietvallei stuur op hierdie stadium die meeste.
Hiermee net 'n klein kykie in my 'werk' as webmeester. Enige iemand wat ook wil leer en / of oorvat by my is welkom om my te laat weet.

Webblad groete.

Magdaleen Viljoen
*webmeester@sawa.org.za*



*MV*

*Advertensie*



## Bykos gespokery by Onverwags

*Pieter Viljoen: Onthou om jou gunsteling bykos saam te bring want ons wil mos almal proe hoe lekker jou braai bykossie is.*

Soos met verlede jaar se spookkamp, het Pieter en Magdaleen weer 'n uitdaging gestel vir Saterdagaand se saambraai: Elke dame is gevra om'n bykos van hulle keuse voor te sit en hierdie keer sou al die Rietvalleiers beoordelaars wees (teelepel gewys).

Saterdagoggend, net na die wit olifant verkoping, het André begin vuur maak om 'n broodjie te bak. So deur die dag het die res van die deelnemers begin werskaf met bakke en bestanddele.

Tjaart het bietjie met sy kamera rondgeloop om te sien wat gaande is.

Op die afgespreekte tyd is die disse uitgepak. Die plan was dat elk met 'n teelepeltjie (regtig?) van al die disse sou skep en dan 'n voorkeurdis kies. Maar, die kampeerders wou niks hiervan hoor nie; nee, hulle wil elk twéé stemme hê. Hierdie "eis" is toegestaan. Van die teeleptjiereël het daar nie veel gekom nie.

Die "beoordeling" (al was dit 'n woeste-populistiese affêre) is Sondag tydens die saamtrekafsluiting gedoen en die uitslag was:

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Lekkerste patatgereg | Marlene Maree |
| 2 en 3 | Mieliepappoffers | Anne-Marie Engelbrecht |
| | Rysslaai | Nellie Stander |
| 4 | Mielietert | Marietjie Klaasen |

Hier is resepte van 'n paar van die bykosse wat ingeskryf is.

### Lekkerste Patatgereg – Marlene Maree



**Bestanddele**

1 kg Patats geskil, gesny, gaar gekook en fyn gemaak
180 ml Bruin Suiker
125 ml Melk
2 Eiers
5 ml Sout
10 ml Vanielje Geursel

**Metode**

Voorverhit oond tot 180° C
Meng die patats, bruin suiker, melk, eiers, sout en vanielje goed saam en skep in oondvaste bak.

**Bolaag**

180 ml Bruin Suiker,
125 ml Koekmeel,
50 ml gesmelte Botter en
375 ml Pekanneute grof gekap

**Metode**

Meng bolaag bestanddele saam en sprinkel oor patats.
Bak vir 30 min

## Slappap-Poffertjies – Anne-Marie Engelbrecht



**Bestandele**
100 ml mieliemeel
500 ml water
1 eier
1 k bruismeel
2 ml mosterd
2 ml sout
125 ml gerasperde kaas
Kookolie vir diepbraai
Aromat

**Metode**
Meng mieliemeel en water en kook vir 15min.
Laat afkoel.
Voeg eier by en meng.
Sif bruismeel, mosterd en sout saam en voeg by pap.
Meng nou kaas deur.
Skep teelepels of eetlepels vol in warm olie.
Dreineer en geur met aromat.



## Mielietert – Marietjie Klaasen



**Bestanddele**
840 g (2 x 420 g-blikke) geroomde mielies
4 ekstragroot eiers
60 ml (4 e) botter, gesmelt
60 ml (4e) suiker
60 ml (4 e) koekmeel
15 ml (1 e) bakpoeier



**Metode**
Stel oond op 180°C.
Meng al die bestanddele saam.
Giet mengsel in ronde tertbak of blikbord van 24 cm, wat met kossproei gespuit is.
Bak vir 1 uur of tot ligbruin.
Sit warm of koud voor.

Deur die loop van die middag het Tjaart gaan kyk hoe dit met die voorbereiding van die bykosse gaan:



*Tersia Fourie en Sarie Weber*



*Links:*
*Erna la Grange*

*Regs:*
*Elmarie le Roux*





*Annatjie Maritz*



*Dalena Marx*



*Annonimieit was verlore toe hierdie sjef die podium gehaal het.*



*Nellie Stander*





*André en Wilna Swartz*



*Helena van Zijl*

Vriendelike mense!
Komplimente aan die fotograaf én die dames!



*Magdaleen Viljoen*

# Rietvallei Nuusbrokkies

**Johan van Zyl**

Rina laat weet:

Johan kry dit baie moeilik. Hy het baie pyn. Die spasmas raak nou beter en minder maar die senuwees is maar 'n probleem. Senuwee skokke is maar erg. Ons het 27 Maart weer die dokter gesien. Hy mag nog nie bestuur nie; hy sukkel nog erg met die sit en staan (al meer pyn). Hy is ook nog nie terug by die werk nie. Hy is 'n kontrakwerker totdat hy weer kan ingaan werk toe. Johan is voorlopig nog medies ongeskik vir werk.

**Tjaart Klaasen - Ons nuutste pensionaris**

Tjaart Klaasen het op 28 Februarie vanjaar afgetree na 44 jaar in diens van Volkskas, deesdae ABSA. Hy het sy loopbaan in Pietermaritzburg begin. Tjaart was die grootste deel van sy loopbaan interne ouditeur; van tak ouditeur tot (in die laaste aantal jare) interne ouditeur op korporatiewe vlak.

Tydens sy besoeke aan takke, het hy ver en wyd gereis en groot dele van ons land beter leer ken. Van Port Shepstone tot Kaapstad was Tjaart goed bekend met die hotelle, losieshuise en toegangsroetes.

Die laaste 22 jaar was Tjaart verbonde aan ABSA se korporatiewe kantore in Johannesburg, met sy tuislessenaar as daaglikse basis. Mettertyd het die vereiste om daagliks "onder oë" te wees, minder geword. Hierdie reëling het só goed gewerk dat ABSA, op grond van die aantal dae op Tjaart se kerfstok, hom permanent in die "tuispos" aangestel het, met geen meer verantwoordelikheid aan ABSA nie.

Die inwerkingstelling van hierdie reëling was 1 Maart vanjaar.



*Pieter Botha en Vuyani Simbamba groet Tjaart*

Beste wense vir 'n positiewe ervaring van hierdie sogenaamde "Ruhestand".

Mag die russtand alles wees waarvan julle gedroom het.

**Austin en Sarie Weber**

Die Webers het onlangs hulle woonwa van die hand gesit.

Karavaansaamtrekke is vir nou, iets van die verlede. Baie dankie vir die lekker kuier, vinnige stap en die insiggewende kuiergeselsies. Ons hoop om julle nog gereeld by oggendkuiers te sien en selfs so dan en wan in 'n chalet.

# ONS ANTARTIKA TOER 2024-2025

Wim en Margriet het, soos julle weet, "nou-die-dag" in Australië gekuier en daarvandaan het hulle Suid-Amerika, Antartika en selfs die Falkland eilande besoek. Margriet het deurlopend foto's teruggestuur. Dit was so besonders, dat ons Margriet gevra het om dit in die Rietstok te deel.

Hier is wat Margriet vir ons skryf

'n Paar interessanthede wat ons tydens die toer ervaar het:

**Iguazu Waterval**: Geleë in die Iguazurivier wat die grens is tussen Argentinië en Brazilië. Dit bestaan uit 275 los valle, sommige baie groot, ander klein, wat dit saam die grootste waterval in die wêreld maak (nie die hoogste nie). Die van julle wat na Voetspore Suid Amerika gekyk het, sal onthou hoe indrukwekkend dit is. Ons het in Brasilië, vir ongeveer 3 ure langs die onderkant van die valle gestap en die volgende dag 3 verskillende roetes in Argentinië aan die bokant. Die valle is een km breër as die Victoria Waterval. Dit is 'n oorverdowende gedruis van water, 'n onvergeetlike ervaring, te veel om in te neem.









**Antartika:** Mooi, ongerep, silwerskoon, stil – die skepping op sy mooiste. Dit was middelsomer en 24 uur lig. Vaar vir twee dae tussen die ysberge, sommige baie groot, ander heelwat kleiner, van hulle ver en ander baie naby. Die ys word so hard, dat dit blou vertoon. Dit is iets uit 'n ander wêreld. Slegs 20% van die ysberg is bo die water, die res is onder die water. 'n Antartika spesialis is saam met bemanning op die brug, om seker te maak dat die boot veilig deurgaan.

Dit is onbeskryflik mooi!!









*NL*

*Geert komt huilend de keuken binnen. "Wat scheelt eraan?" vraagt moeder. "Vader heeft zich op de duim geschlagen."*
*"Daar hoef jij toch niet om te huilen?"*
*"Nee, eerst heb ik ook gelachen."*






**Gletsers:** Oppad terug na die vasteland het ons deur die Samiento Kanaal gevaar waar ons 6 verskillende gletsers gesien het. Dit laat mens nogal dink aan 'n kabbelende stroom wat ge-ys is. Die grootste gletser word Brujo genoem en is die enigste een wat nog groei (deur reën en sneeu). Die ander gletsers smelt vinniger as die hoeveelheid wat by kom. Vreemde kraak- en gromgeluide is duidelik hoorbaar by die gletsers.









**Pikkewyne:** Ons het die Falklands Eilande besoek waar ons 'n baie groot kolonie pikkewyne gesien het, so 200m van die strand af. Pikkewyne is interessante diere. Daar is 'n paar honderd broeipare waarvan die meeste van die Gento groep is en minder van die Chinstrap groep. Daar is heelwat kleintjies, en natuurlik moet daar kos in die see gesoek word, om hulle te kan voer.











**Vulkane:** In Puerto Mantte is daar 5 vulkane, wat almal met sneeu bedek is. (Dit is baie mooi om te sien.) Die swart vulkaanstof / sand met die spierwit sneeu bo-op. Een van die 5 vulkane het in 2008 uitgebars en ontsettend baie vulkaanstof uitgeblaas. Die inwoners het vir dae gesukkel om asem te haal. Die hele omgewing is nou onder 'n laag swart stof, waar niks mee gedoen kan word nie.











**Ushuaia** is die hoofstad van die Argentynse provisie Tierra del Fuego. Die stad is die mees suidelikste in die wêreld en staan dan ook bekend as "The end of the world". Ushuaia is een van die belangrikste vertrekpunte vir bootritte en ekspedisies na Antartika. Die afstand van Ushuaia na Antartika is 1100 km. Die inwonertal is ongeveer





# Saamtrekke in 2025

## Streeksaamtrekke

| Datum | Oord |
|---|---|
| 16 tot 18 Mei | Almega |
| 15 tot 17 Augustus | Kokoriba |
| 12 tot 14 September | Weaversroost |
| 17 tot 19 Oktober | Sionbergh |
| 21 tot 23 November | San Cha Len |

De

*Der Sohn der Rechtsanwalts mußte in der Schule nachsitzen. Grantig fragte der Vater ihn nach dem Grund.*
*Die lakonische Antwort seines Sprößlings:*
*"In Sachen Rechtschreibung gegen Duden!"*

## Senior Saamtrekke

| Datum | Oord |
|---|---|
| 14 tot 16 Mei | Almega |
| 10 tot 12 September | Weaversroost |

## Senior Kuieroggende

| | |
|---|---|
| 27 Junie | Sal nader aan die datums bekend gemaak word |
| 31 Oktober | |

Gebied saamtrek

## Weesgerus

| Datum | Beskrywing |
|---|---|
| 9 – 11 Julie | Seniorsaamtrek |
| 11 – 13 Julie | Gebiedsaamtrek |


*Advertensie*




Skakel **Dalena Marx**
vir
**Bioway goggagif**
en
**30 mikron swartsakke**
by
**082-415-0976**

**Bioway:**
1, 2 en 5 liters

**Swartsakke:**
50 of 100 sakke per pak

**Skoonmaakmiddels:**
Beskikbaar in 2l, 5l